




I. M. S.



No. 16. STELLENBOSCH, Maart, 1967.

1. DRIE KENNISGEWINGS.

In hierdie uitgawe word die aandag van belastingbetalers bepaal by drie kennisgewings wat hieronder nader uiteengesit word. Al drie het betrekking op vergaderings wat gehou gaan word en waar aandag geskenk sal word aan (a) die opvoeding van volwassenes; (b) die Nasionale Corlogsgedenkstigting vir Gesondheid en (c) moontlike vermeerdering van die aantal raadslade en die verbetering van ons waterposisie. Die vergaderings vind 'n week na mekaar plaas, die eerste op 5 en 6 Maart, die tweede op 12 Maart en die derde op 19 Maart.

2. OPVOEDING VAN VOLWASSENES.

Dr. G.W. Eybers, Direkteur van die Opvoeding van Volwassenes, sal Stellenbosch besoek op 5 en 6 Maart.

Op 5 Maart om 3.30 n.m. sal hy 'n vergadering van blankes toesprek in die Banketsaal. Tot die vergadering word uitgenooi verteenwoordigers van die Skoolraad, Skoolkomitees, die Universiteitsraad, die Senaat, die Kerkrade, die A.C.V.V., Vroue-Sendingbond, en Kinder Welvaartvereniging. Die publiek as geheel word ook hartlik uitgenooi en dit sal verwelkom word as die Banketsaal by die geleentheid heeltemal vol is.

Dr. Eybers sal verduidelik wat die doel is met die opvoeding van volwassenes, hoe groot die behoefte daaraan is en watter finansiële steun aangebied kan word. Daar sal natuurlik ook geleentheid wees vir vrac en moontlik kan 'n komitee by die geleentheid gekies word om die saak pleaslik te behartig.

Die Stadsraad is alleen gevra om die vergadering te belê en daarna, d.w.s. na die vergadering plaasgevind het, sal 'n gekose komitee handelend moet optree.

Om 7.30 n.m. sal dr. Eybers die Naturelle Adviserende Raad in Kaya Mendi toespraak. Tot die vergadering word ook uitgenooi verteenwoordigers van Kerkrade van blanke sowel as nie-blanke gemeentes. Indien die vergadering talryk besoek word, sal dit plaasvind in die Skool, anders in die kantoor van die Superintendent.

Op Donderdag, 6 Maart sal dr. Eybers 'n vergadering in die Luckhoffskool in Bannhoekweg om 5.30 n.m. toespraak. Tot die vergadering word kleurling-onderwysers, skoolbestuurders, lede van Skoolkomitees en verteenwoordigers van Kerkrade hartlik uitgenooi. Op hierdie vergadering sowel as op die ander twee vergaderings sal 'n komitee gekies word. Hoe nou die samewerking van die drie komitees gaan wees, is 'n saak waaroor later besluit kan word. Moontlik word dit beste bevind om slegs een komitee te hê vir die drie vertakings van die werk wat vir die volwassenes onderneem moet word. In ander stede en dorpe is reeds 'n begin gemaak met hierdie saak en Stellenbosch kry nou die gelcentheid om uit te maak of dit in hierdie saak handelend wil optree of nie. Die advies van belangstellendes is dringend nodig. Indien dit gewens word is dr. Eybers gewillig om individue en spesiale groepe wat miskien op 'n enkele punt inligting wil hê, afsonderlik te ontmoet.

3. DIE NATIONALE OORLOGSGEDENKSTIGTING VIR GESONDHEID.

In die daagpers sal lesers van I.M.S. reeds verneem het dat bogenoemde stigting verlede jaar tot stand gekom het. Die troepe aan die Front het gevoel dat hulle graag iets wil bydra om Suid-Afrika 'n gelukkiger land te maak. Om dit te doen het hulle 'n bedrag van sowat £10,000 ingesamel wat gebruik moes word vir die bevordering van gesondheid van ons Suid-Afrikaanse bevolking. Na die beëindiging van die oorlog het die vraagstuk van die oprigting van 'n geskikte gedenkteken ontstaan. Die troepe se begeerte was dat die gedenkteken nie die vorm van 'n gebou moes aanneem.

nie, maar dat dit 'n lewende monument moes wees. Die gold wet reeds ingesamel was vir die bevordering van gesondheid is gebruik as model en die deur 'n verantwoordigende vergadering in Kaapstad besluit om nog meer geld in te samel wat dan die Suid-Afrikaanse goederetende sou verna. Die fonds self en/of die rente daarvan sal dan gebruik word om die gesondheid van die hele bevolking te bevorder. Die plan is nou om plaeslike komitees wat geld sel insamel, in die lewe te roep.

Op 12 Maart om 8.00 n.m. sel 'n vergadering in die Banketsaal gehou word waar addisionele informasie verskaf sal word en waar 'n komitee vir die behartiging van hierdie saak waarskynlik in die lewe geroep sal word. Alle belangstellers word hartlik uitgenooi om die vergadering by te woon. Ook in hierdie geval is die Stadsraad gevra om as samesproper op te tree. Dit word gehoop dat een van die organiseerders van die stigting teenwoordig sal wees en die vergadering sel toesprek.

4. VERMEERDERING VAN RAADSLIDE.

Toen die einde van verlede jaar het 'n aantal belastingbetalers-organisasies die Stadsraad in kennis gestel dat hulle graag sou sien dat die aantal raadslide vermeerder word van 9 tot 12. Die saak het die raad van die Raad geniet en dat is indertyd besluit om aan die versoek van die betrokke organisasies woor te gee. Die wet vereis dat voordat die Administrateur sy toestemming tot so 'n stap gee, die geregistreerde kiesers geraadpleeg moet word. Om die geregistreerde kiesers aan die geleentheid te gee om hulle gevoelens in hierdie saak bekend te maak, word 'n vergadering gehou op Woensdagaand, 19 Maart, om 8.00 n.m. in die Banketsaal.

In die verlede het die Raad by belastingbetalersvergaderings ook lede van die publiek toegelaat. Daar is egter gevaar dat wanneer stemhebbende sowel as nie-stemhebbende persone in 'n vergadering sitting neem, ongeorddhede mag voorkom. Die Stadsraad sal derhalwe die voorbeeld van ander munisipaliteite volg en slegs stem-

hebbende persone tot die vergadering toelaat. Die Raad wil ongaarne aanstoet gee, maar dit voel hom geroepe om te handel volgens die voorskrifte van die Ordonnansie en volgens die praktyk wat elders gevolg word en beproef is.

Die vergadering sal die volgende mosie moet aanneem of verwerp:—

"Dat hierdie algemene vergadering van Kiesers van die Munisipaliteit van Stellenbosch vir die doel belê in ooreenstemming met 'n besluit van die Raad van die Munisipaliteit van Stellenbosch, besluit hiermee dat 'n versoekskrif aan Sy Edele die Administrateur van die Kaapse Provinsie voorgelê word, waarin hy gesmeek word om kragtens die betreffende bepalinge van die Kaapse Munisipale Ordonnansie, No. 10 van 1912, sy gegewe mag deur Proklamasie te beoefen, om die ledetal van die gesegde Raad van die Munisipaliteit van Stellenbosch uit te brei, sodat die ledetal van die gesegde Raad Twaalf sal wees in plaas van Noge, soos tans die getal is."

Dit word nie veronderstel dat hierdie vergadering baie tyd in beslag sal neem nie en daarom is bepaal dat onmiddellik wanneer daar gestem is oor die vermeerdering van raadslede, die tweede punt behandel word, naamlik die bespreking van die beste manier om ons waterposisie te verbeter.

5. WATERPOSISIE OP STELLENBOSCH.

Dit is die bedoeling om op die vergadering van geregistreerde kiesers van 19 Maart in die Banketsaal 'n verduideliking te gee van wat die Raad en die Gesamentlike Komitee vir Voorsiening van Water tot dusver gedoen het.

Dit is nie die plan om leningsvoorstelle by hierdie vergadering voor te lê nie, wel om belastingbetalers te laat

sien hoe ernstig die saak is, watter moontlikhede tans ooreweg kan word en wat die finansiele implikasies van verskillende skemas sal wees. Die Idasvallen-waterskema sal weer bespreek word en dit word gehoop dat gegewens in verband met 'n groter skema wat nie die belange van Stellenbosch alleen sal dien nie, beskikbaar sal wees. Die Adviseerende Ingenieur van die Raad is naamlik gevra om 'n voorlopige verslag op te stel oor 'n sodanige uitgebreide skema.

Die Raad wil graag die belastingbetalers in sy vertroue neem en hoop dat dit moontlik sal wees om 'n stappie te vorder op die weg van 'n eensgesinde optree om meer water vir ons dorp te verkry. Dit sou moontlik wees om 'n lang beskrywing van alles wat reeds gedoen is te gee, maar dit sal baie tyd in beslag neem en bowendien alle verslag is nog nie ontvang nie. Die Raad hoop dus dat die belastingbetalers die vergadering sal bywoon en kennis neem van die huidige stand van sake.

6. BUSDIENS.

Sedert Donderdag, 30 Januarie, kan Stellenbosch hom beroem op die besit van 'n busdiens. Die dryfkrag in verband met die oprigting van die diens is ongetwyfeld Mnr. Ie Grange gewees. Hy het die Raad om verlof gevra om so 'n diens in te stel en omdat hy 'n persoon is wat terdeë vertrouwd is met die soort werk ken hy die nodige reëlings tref om die publiek behoortlik te dien. Die onderhandelings met die Stadsraad het maande in beslag geneem, maar soos gesê, kon die diens op 30 Januarie 'n aanvang neem.

Ons dorp het reeds so uitgebrei dat mense in Mostertsdrift byvoorbeeld, dit moeilik vind om die besighheidsdele van die dorp te voet te bereik, om nie oers te praat van die stasie of die Aansteeklike Siektes Hospitaal nie. Inwoners van Idasvallen het dit altyd moeilik gevind om hulle werkplekke in die dorp, die verskillende fabriek of selfs hulle kerke te bereik, terwyl die Natuurlike wat in Kaya Mandi woon etlike myle te voet moes aflê om hulle werk in meeste van

die fabrieke te bereik. Dit ly dus geen twyfel nie dat die busdiens in 'n lang gevoelle behoefte voersien. Op die oomblik beskik die Boland Transport Maatskappy oor slegs drie busse wat die drie groepe van ons dorp se bevolking dien. Die Maatskappy koop om mettertyd 5 busse in gebruik te hê.

Lede van die publiek is natuurlik begierig om volledige tydtafels van die busdiens te besit. Die Maatskappy het inderdaad reeds meer dan een voorlopige tydtafel beskikbaar gestel, maar omdat dit nog ondersoek instel waar en wanneer die behoeftes die grootste is, het die finale tydtafel nog nie verskyn nie. Enige nuwe onderneming bring nuwe moelikhede met hom mee en in die geval van die busdiens het daar ook wel moelikhede voorgekom wat die aandag van die Verkeerskomitee van die Raad geniet.

7. PERSONLIK.

Op Sondag, 9 Februarie, het dit bekend geword dat 'n gesiene inwoner van ons distrik, te wete Senator F.A.B. Faure, oorlede is. Langs hierdie weg wil I.M.S. graag hulde bring aan die nagedagtenis van wyle Senator Faure.

Vir 29 jaar was hy lid van die Afdelingsraad van Stellenbosch en hy het kort voor sy dood verklaar dat hy die werk gedurende al daardie jare ten seerste geniet het. Vir 12 jaar van die 29 jaar was hy Voorsitter van die Afdelingsraad. Hy het hom beywer vir die mooi pad waarop die Raad met reg trots is en die Afdelingsraad het op sy beurt sy werk waardeer en die beroemde kuspud na hom genoem. Die Faure-kuspud is inderdaad een van die skoonste in die Boland, miskien in die hele wêreld.

Vanaf 1929 tot 1942 was wyle mnr. Faure lid van die Parlement vir die kiesafdeling Hottentots-Holland. In 1942 is hy as Senator verkies. In die Parlement het Sen Faure hom baie beywer vir sy kiesafdeling en dit word betwyfel of daar baie parlamentslede is wat soveel tot stand kon bring vir hulle kiesafdeling. Merkwaardigste

van alles was dat wyle mnr. Faure haas nooit in die Parlement gepraat het nie. Hy het daaraan gegle dat 'n mens min moet praat, maar baie moet doen.

Met sy weduwe en kinders en kleinkinders, met die liggame waarop hy gedien het, betuig I.M.S. graag die innige simpatic van die Stellenbosse gemeenskap.

In die innere kring van die Munisipaliteit het daar ook 'n sterfgeval plaesgevind, toe dit bekend geword het dat mev. Ritson skielik oorlede is.

Sy was die gade van ons Elektriese Ingenieur met wie sy 33 jaar getroud was. Wyle mev. Ritson is gebore in Staf-fordshire in Engeland en daar het sy met haar man kennis gemaak voordat hy nog na Stellenbosch gekom het. Sedert 1921 het mnr. en wyle mev. Ritson op Stellenbosch gewoon en gewerk.

Graag betuig I.M.S. die simpatic van ons gemeenskap met mnr. Ritson en die een seun wat uit die huwelik gebore is.

Gedurende die laaste paar maande moes die plaeslike N.G. gemeente afskeid neem van sy predikante.

Eers het Ds. A.F. Louw, wat 18 jaar op Stellenbosch gewerk het, die gemeenskap verlaat toe hy in Junie sy emeritaat aanvaar het.

Daarna is Ds. T.N. Hanekom weg na 'n dienstyl van 9 jaar en nou staan Dr. D.R. Snyman weer op vertrek.

Dr. Snyman het meer dan 19 jaar op Stellenbosch gewerk en was die opvolger van die onvergeetlike Ds. D.S. Botha. Die werk wat Dr. Snyman vir die burgerlike gemeenskap van Stellenbosch verrig het, word ten seerste waardoor. Hy het hom steeds beywer vir die armes onder ons, vir die beproefdes en die Aensteeklike Siektes Hospitaal, vir die kleurlinge en in 'n besondere mate vir die Naturelle. Die feit dat daar vandag 'n skool in Kaya Mandi is, is byna uitsluitlik

te danke aan die ywer en offervaardigheid van Ds. Louw en Dr. Snyman.

Waar Dr. Snyman die gemeente verlaat, is 'n mens bly om daaraan te dink dat hy nie sy emeritaat aanvaar nie, maar dat hy hom gaan begewe in 'n werkkring wat moed en krag, geloof en durf sal eis. Ons vertrou dat hy dikwels geleentheid sal vind om Stellenbosch te besoek en in sover dit sy werk raak, te bearbei.

Waar hier melding gemaak moes word van ontslapene inwoners en van 'n vertrekkende leraar is ons dankbaar om Ds. T.C. Steffberg te mag verwelkom. Hy is in die E.G. gemeente op 25 Januarie bevestig. Graag heet I.M.S. hom welkom in ons midde. Ons lesers sal hulle daarin verbly dat Ds. Steffberg op die resopsie wat hom aangebied is op die aand van sy bevestiging, verklaar het dat hy graag sal wil saamwerk met die Stadsraad in sover dit sy werk toelaat.

STELLENBOSCH.
Crozierstraat.
Die O.L. Karais-Biblioteek.